

## Internasionale Vrouedag 2024: Om ons susters se name uit te roep

Juliana Claassens\*

In a barren springtime field  
Stands a woman dressed in black  
Crying her sisters' names  
Like a bird in the empty sky  
She'll cry them all out of herself  
(“Poem About a Crow,” Victoria Amalina.  
Translated by Uilleam Blacker)

In 'n dorre lenteland  
Staan 'n vrou geklee in swart  
Sy roep na haar susters  
Soos 'n voël in die leë lug  
Sy sal hulle almal uit haarself uit roep  
(“Poem About a Crow,” Victoria Amalina.  
Vertaal deur Elsabé Grauso)

Ek dink gereeld aan Victoria Amalina, 'n Oekraïense joernalis en digter wat op 1 Julie 2023 in Kramatorsk gesterf het toe 'n Russiese missiel die pizzarestaurant wat sy besoek het, getref het. Ek het die eerste keer van Victoria gehoor in haar doodsberig in [The Guardian](#), wat 'n paar besonderhede van haar lewe en haar tragiese dood gedeel het. Haar doodsberig bevat ook haar spookagtige pragtige “[Poem about a Crow](#)”, geïnspireer deur onderhoude wat sy met Oekraïense vroue gevoer het wat reeds soveel verlies ervaar het weens die voortslepende Russiese inval.

Deur haar kragtige woorde leef Victoria Amalina voort – haar gedig dien as 'n aangrypende getuienis van wat sy 'n paar weke voor sy dood gesê het oor die kunswerke van 'n skilder, Polina Rayko, wie se skilderye in die vloed vernietig is ná die ineenstorting van die Kakhovka-dam:

“Kuns leef solank as wat die wêreld dit sien.”

Ek het hierdie gedig van Victoria Amalina in 'n referaat gebruik wat ek in September verlede jaar by 'n konferensie by die Oekraïense Katolieke Universiteit in Lviv aangebied het oor die onderwerp, “[Imperial Powers and Women: Trauma, Resistance, and Resilience](#)”.

Ek het in my aanbieding besin oor sommige van die moedige vroue in die Hebreeuse Bybel wat in die nasleep van die oorlog hulle stemme in klaagliedere verhef het: Rispa, wie se openbare daad van rou oor die wrede dood van haar twee seuns en vyf stiefseuns in 'n nagwaak van ses maande vir ons in 2 Samuel 21: 1–14 bewaar word. Jerusalem, of Dogter Sion, word in die boek Klaagliedere as 'n bedroefde moeder uitgebeeld wie se klaaglied oor haar kinders wat die slagoffer van die Babiloniese inval geword het, steeds oor tyd en ruimte heen strek:

Aanhoudend huil ek hieroor,  
my oë stroom van trane,  
want die trooster wat my  
kon opbeur, is ver van my af.  
My kinders is verpletter,

want die vyand het die oorhand verkry. (Klaagliedere 1:16, 2020-vertaling van die Bybel)

For these things I weep;  
my eyes flow with tears;  
for a comforter is far from me,  
one to revive my courage;  
my children are desolate,  
for the enemy has prevailed (Lam 1:16).

Ek het aangevoer dat literêre figure soos Dogter Sion en Rispa, wat oor hulle kinders treur, 'n voorbeeld van beliggaamde verset is. In beide hierdie literêre werke word 'n enkelvoudige vroulike treurende liggaam getoon om die talle verhale van die lyding van die mense in hulle onderskeie dorpe te onthou. Op hierdie manier word die persoonlike verhaal van die lyding van hierdie vroue deel van 'n groter verhaal, wat die lyding van die gemeenskap as geheel verteenwoordig.

Die gedigte van Victoria Amalina en dié oor vroue soos Dogter Sion en Rispa wat huil oor hulle susters, broers, seuns, dogters, mans, moeders, vaders en bure, bly staan. Hulle teenwoordigheid spreek oor tyd en ruimte tot in ons tyd heen en bied 'n etiese noodsaaklikheid vir ons om nie te vergeet nie.

Die meeste van ons het aanlyn aan die internasionale konferensie van die [Europese Vereniging van Vroue in Teologiese Navorsing](#) deelgeneem. Maar by die universiteit in Lviv het 'n klein groepie vroulike geleerdes in 'n vertrek rondom 'n tafel vergader. Een van die deelnemers was gedurende die vraag-en-antwoord-sessie baie emosioneel en het ons vertel dat Victoria Amalina haar vriendin was. Dat sy kort voor haar dood saam met haar in haar huis baie naby aan waar hulle by die universiteit bymekaar gekom het, tee gedrink het. Dat sy Victoria se gedig al die pad na haar toe moes terugkom in Lviv in 'n aanbieding deur 'n Suid-Afrikaanse vakkundige uit 'n ander wêreld, vir haar vreemd was. En dat Victoria dit ook nogal vreemd sou gevind het.

Hierdie ontmoeting het my laat beseef hoe oorlog eers 'n werklikheid word wanneer 'n mens kan deel word van bepaalde verhale van bepaalde persone op bepaalde plekke. Ons word verdoof deur die beeldmateriaal van oorlog wat na ons toe kom, en ons is nie in staat om tussen die veelvuldige bloedige tonele en die ontelbare oorlogslagoffers te onderskei nie.

Maar elkeen van hierdie oorlogslagoffers verteenwoordig 'n lewe – 'n enkelvoudige, besondere verhaal. Victoria Amalina het vriende gehad saam met wie sy graag tee gedrink en oor die lewe, die heelal en alles gesels het. Sy het 'n vyfjarige seun gehad wat sy ter wille van sy veiligheid na Pole geneem het, maar sy het die behoefte gehad om na die Oekraïne terug te keer om die vroulike oorlewendes te help om hulle onuitspreeklike smart te verwerk. Sy het hoop en drome gehad. Sy sou 'n genootskap in Parys, Frankryk, begin. Sy het nog baie werk gehad om te doen. En nog baie gedigte om te skryf.

Op vanjaar se [Internasionale Vrouedag](#) (8 Maart) word ons meer as ooit tevore gekonfronteer met die lot van vroue wat hulle in die greep van oorlog bevind. Ons word geroep om, in die woorde van Victoria Amalina, ons susters se name uit te roep.

Victoria Amalina sluit haar gedig af met die vrou in swart wat vir ewig op die land bly staan as 'n ewige getuie van lyding. "Sy sal hulle almal in die grond in huil, asof sy pyn oor die land saai." Soos die kraai wat vir ewig op hierdie land sal bly, is die verhale van vroue wat treur oor lewensverlies, die

verlies aan liefde, wat ons dwing om nie weg te kyk nie, ook in ons geheue ingebed. Soos die slotwoorde van Victoria Amalina se gedig verklaar:

“Because only this cry of hers hold all those swallows in the air.  
Do you hear how she calls each one by her name.”

“Want net hierdie kreet van haar hou al daardie swaeltjies in die lug.  
Hoor jy hoe sy elkeen op haar naam noem.

(Vertaal deur Elsabé Grauso)

*\*Prof Juliana Claassens is 'n professor in die Ou Testament en hoof van die Gendereenheid in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*